**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**6 Augustus 2018**

**Plaaslike KBS-bedryf groei beleggers se bates tot R2 300 miljard**

Beleggers het in die kwartaal geeindig Junie 2018 'n stewige R26 miljard in die plaaslike Kollektiewe Beleggingskemabedryf (KBS-bedryf) belê. Die bedryf tree as bewaarder op van R2 300 miljard se bates wat aan gewone Suid-Afrikaners behoort.

Luidens die KBS-bedryf se statistieke vir die kwartaal en jaar geëindig Junie 2018 wat vandag deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) uitgereik is, het die stewige netto invloei wat in die tweede kwartaal ontvang is die totale netto invloei vir die 12 maande tot einde Junie 2018 tot R96 miljard opgestoot.

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur by ASISA, sê aangesien 'n lewendige en groeiende spaarkultuur 'n voorvereiste vir sterk ekonomiese groei is, is die gesonde netto invloei goeie nuus vir die land as 'n geheel.

Ook op 'n jaargrondslag het die plaaslike KBS-bedryf sy bates bestendig gegroei. Aan die einde van Junie verlede jaar het die bedryf se bates onder bestuur op R2 100 miljard gestaan vergeleke met R2 300 miljard aan die einde van die tweede kwartaal vanjaar.

**Waar is die geld belê?**

Mulder sê die netto invloei vir die 12 maande tot einde Junie 2018 is feitlik gelykop verdeel tussen die SA multibatesektor en die SA rentedraende sektor.

Die SA multibatesektor was effens gewilder as die SA rentedarende sektor en het die grootste gedeelte van die netto invloei vir die 12 maande tot einde Junie 2018 ontvang. Altesaam R34 miljard is in die SA multibatesektor belê, waarvan R24 miljard na hoë aandeleportefeuljes gevloei het.

Die SA rentedraende sektor (korttermyn en veranderlike termyn) het 'n netto invloei van R32 miljard aangeteken, met R31 miljard wat na SA rentedraende korttermynportefeuljes gevloei het. SA rentedraende korttermynportefeuljes mik daarna om relatiewe kapitaalbestendigheid te lewer. Dié portefeuljes is minder wisselvallig en 'n tipiese kenmerk is die gereelde en hoë vlak van inkomste wat dié portefeuljes voortbring. Die SA rentedraende korttermynsektor het 'n gemiddelde opbrengs van 8.5% oor die 12 maande geëindig Junie 2018 gelewer en al die ander sektore uitpresteer.

Volgens Mulder was SA algemene aandeleportefeuljes ook gewild onder beleggers en het 'n netto invloei van R13 miljard vir die jaar geëindig Junie 2018 gelok.

Sy wys daarop dat ofskoon SA rentedraende korttermynportefeuljes oor die 12 maande-tydperk tot einde Junie 2018 uitpresteer het, het SA algemene aandeleportefeuljes en SA multibate hoë aandeleportefeuljes konsekwent oor vyf, 10, en 20 jaar uitpresteer.

| | 1 jaar tot 30 Junie 2018 | 5 jaar tot 30 Junie 2018 | 10 jaar tot 30 Junie 2018 | 20 jaar tot 30 Junie 2018 |
|---|---|---|---|---|
| **SA Aandele Algemeen** | 7.9% | 8.4% | 8.9% | 13.0% |
| **SA Multibate Hoë Aandele** | 7.2% | 8.2% | 8.9% | 12.8% |
| **SA Rentedraend Korttermyn** | 8.5% | 7.3% | 7.8% | 9.6% |
| **Inflasie** | 4.4% | 5.4% | 5.4% | 5.6% |

*Bron: Profile Media*

**Waar het die invloeie vandaan gekom?**

Mulder sê 29% van die invloei in die KBS-bedryf oor die 12 maande tot einde Junie 2018 het regstreeks van beleggers gekom. Dit beteken egter nie dié beleggers het sonder advies opgetree nie. "Ons vermoed talle regstreekse beleggers betaal vir advies en implementeer dan self die keuse van watter portefeulje om in te belê," verduidelik Mulder.

Tussengangers was vir 32% van nuwe invloeie verantwoordelik. Diensverskaffers van gekoppelde beleggings (Lisps) het 21% van verkope voortgebring terwyl institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse 18% bygedra het.

**Bedryfsopsomming**

Aan die einde van Junie 2018 het SA multibateportefeuljes 50% van bates gehou (45% aan die einde van Junie 2013), SA rentedraende portefeuljes 26% (31%), SA aandeleportefeuljes 20% (20%) en SA eiendomsportefeuljes 4% (4%).

Beleggers het aan die einde van Junie 2018 'n keuse van 1 551 portefeuljes gehad.

**Buitelandse fokus**

Plaaslik geregistreerde buitelandse portefeuljes het aan die einde van Junie 2018 bates onder bestuur ter waarde van R518 miljard gehou. Dié buitelandse portefeuljes in die 12 maande tot aan die einde van die tweede kwartaal vanjaar 'n netto invloei van R0.4 miljard aangeteken.

Buitelandsevaluta-effektetrustportefeuljes is gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Slegs portefeuljes wat by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) geregistreer is kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word. Plaaslike beleggers wat in hierdie portefeuljes wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal hulle toegelate buitelandse kapitaal gebruik.

Daar is tans 456 fondse wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer is in Suid-Afrika te koop.

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens:**
Sunette Mulder
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, kollektiewe beleggingskema-bestuursmaatskappye, gekoppelde belegging-diensverskaffers, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye*.